# 9 Oktober 2023 - Lesing 148 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Geestelike dood en hernude kluistering **–** 9/7/60

**NO: 7644** Die geestelike dood is die ergste lot wat vir ‘n siel beskore kan wees, want sy is nie in staat om haarself daaruit te bevry, wanneer sy eenmaal die aarde verlaat het nie. Sy bestaan en is ook van haarself bewus, maar is **heeltemal sonder lig en sonder krag** en dit is 'n toestand van matelose kwelling.

Dit lei ook weer onafwendbaar tot die kluistering in die materie, as daar nie van die kant van die mense 'n sodanig doeltreffende **voorspraak** gedoen word, sodat die siel daardeur krag ontvang, wat haar kan verander, as syself die wil het, dit wil sê wanneer sy geen direkte weerstand bied nie. Solank ‘n siel apaties is in hierdie toestand, kan haar hulp gebied word van die kant van die geestelike ligwêreld, of deur liefdevolle voorspraak.

Maar sy kan ook so verhard wees, **dat sy gloeiend van woede** in opstand kom teen die Mag, Wie haar - soos wat sy glo - gevange hou. Dan sink sy steeds dieper en verhard haar tot vaste substansie, en dan is vooruitgang in die ryk hierna onmoontlik. Dan moet sy die eindelose lange weg van positiewe ontwikkeling nogmaals gaan deur die hele skepping, want eenmaal moet hierdie siel ontwaak tot die lewe, wat ewig duur.

In hierdie gevaar, om gedoem te wees om die geestelike dood te sterf, is **ontelbare mense** op hierdie aarde, want gedurende die eindtyd doen hulle niks om die lewe te verwerf nie.

Hulle lewe sonder liefde en daarom ook sonder God, hulle **verhard hulle siel al op aarde tot materie**, want dit strewe sy na en sy dink nie aan die geestelike lewe, wat sy haar siel moet verskaf solank sy op aarde verblyf nie.

Sy word 'n prooi van hom, wie heer van die aardse wêreld is en **streef dan ook na sy goedere**. En dit kan die siel geen lewe skenk nie, maar berei vir haar die geestelike dood. En gaan sy in hierdie lewelose toestand die ryk hierna binne, dan is sy ook in die grootste gevaar, want **liefdelose mense laat selde op aarde vriende agter,** wat hulle liefdevolle gedagtes agternastuur na die geestelike ryk. En net sulke gedagtes kan hierdie siele red, want **elke liefdevolle gedagte, elke gebed vol van liefde**, laat hom by hierdie siele voel as krag, wat so 'n uitwerking kan hê, dat die siel verander en die wil kry om opwaarts te klim. Dan het sy aan die ewige dood ontkom, dan val sy nie terug in die toestand, wat vir haar 'n hernude kluistering sou oplewer nie.

Julle mense ken nie die krag van die liefde nie, omdat julle andersins julle beste sou doen om in liefde te lewe en dan sal julle lewend word, want die liefde self is lewe en sy wek al die dooies weer op tot lewe.

Maar wanneer julle hierdie krag nie benut nie, wanneer julle sonder liefde voortleef, is daar niks anders as **verharding van die geestelike substansie van julle siel** nie en sy raak in 'n vreeslike toestand, want dood is dan nie die vergaan van jouself nie, maar jy **bly voort-vegeteer in die bewussyn van jou bestaan**, maar in kwellende onmag en duisternis.

Solank julle nog op aarde leef, sal julle vir julleself van hierdie toestand geen idee kan vorm nie. Maar julle moet alles doen om dit te ontduik, want op aarde is dit vir julle moontlik; op aarde het julle steeds die geleentheid om werke van liefde te verrig en dan is die gevaar van die dood uitgeskakel, dan sal julle al op aarde ontwaak tot lewe en dan kan julle ook die ewige lewe binnegaan, dan het julle die dood oorwin.

En julle sal almal in liefde kan lewe, want julle het die Goddelike vonk van liefde in julle, wat maar **net aangesteek moet word** en dan nooit meer sal verdof nie, omdat die liefde julle steeds **nuwe krag** sal gee en julle sal kan werk uit innerlike aandrang, as julle eenmaal hierdie liefdesvonk in julle aangesteek het.

Maar julle kan nie daartoe gedwing word nie, julle kan maar net steeds op die verskrikking van die geestelike dood gewys word, sodat julle uit eie aandrang hierdie verskrikking probeer ontgaan.

Want solank julle op aarde leef, het julle die krag om werksaam te wees in liefde, maar as julle eers eenmaal die ryk hierna binnegegaan het, dan kan julle **niks meer uit eie krag doen nie**, dan is julle op hulp aangewese en julle kan julle gelukkig prys, as sulke hulp aan julle deur mense verleen word, **wie se gedagtes julle in liefde navolg**.

Slegs die liefde verlos, slegs die liefde is krag en elke mens moet self krag verwerf, deur werksaam te wees in liefde, solank hy op aarde leef, **sodat hy nie sal verval in die geestelike dood nie**. Amein.